

Ontwerp van 'n kerkgebou deur Gerard Moerdyk, die bekende Pretoriase boumeester. Mnr Mayer verwys in die meegaande artiekel na Moerdyk se invloed op die kerk-argitektuur in Suid-Afrika.

# Die Ontwikkeling van Ons Eie Kuns.

## *Monumente In Ons Kunsgeskiedenis.*

(*Deur E. MAYER.*)

Daar bestaan baie brandende vraagstukke in verband met ons nasionale kunslewe waarvoor eers dan 'n gesonde oplossing gevind sal word as hulle deur die volk en regering van Suid-Afrika in hul hele verreikende betekenis begryp word, en nadat die middele en weë tot hul oplossing van alle kante oorweeg en bespreek is.

Die by ons heersende opvatting van die betekenis van die beeldende kunste vir ons volk is nog alte vaag. Seer ten onregte word selfs deur ons kultuurleiers die skone kunste as 'n ondergeskikte deel van ons kultuurlewe beskou (soos die program van die jongste kultuurkonferensie in Bloemfontein bewys het,) terwyl hulle in belangrikheid vir die ware volksbestaan nie by die taal en letterkunde agter staan nie.

### NASIONALE KUNS AS WAPEN IN KULTUURSTRYD.

Prof. Louwerys het verlede jaar op die Dingaansviering in Antwerpe daarop gewys dat die Vlaminge in België dieselfde stryd vir die behoud van hul eie taal en kultuur moet stry as die Boerenasie in Suid-Afrika. Maar hy het bygevoeg dat die Vlaminge 'n sterk bondgenoot in hul stryd besit wat die Afrikaners mis, nl. die ou Vlaamse kuns, waaraan hul Franssprekende teenstanders in België niks ewe groots ter sy kon stel nie. Met ander woorde: Die op politiekgebied baasspelende Fransgesinde België, wat graag wil neersien op hul Nederlandssprekende landgenote kan nie ontken dat dieselfde Vlaminge reeds eeue gelede van die grootste kultuurskeppinge, wat deur die hele beskaafde wêreld bewonder en eerbiedig word, voortgebring het nie. Heeltemal so arm is Diets-Suid-Afrika op kunsgebied egter nie; en dis juis hierdie feit wat die kultuurstryd van die Hollandse Afrikaners so hoopvol maak.

### MONUMENTALE KUNS.

Die ou Kaapse boustyl wat geensins net 'n reproduksie van 'n reeds bestaande Hollandse styl was nie, maar 'n nuwe skepping van Dietse kunstenaars (Melk, Schütte en Anreith) op Suid-Afrikaanse bodem, spreek vandag nog tot iedereen wat kunsgevoel besit, en die feit dat die latere veroweraar van die Kaap hierdie bloeiende kunsstyl stopgesit het, sonder om in die honderd jaar daarna iets ewe waardevols in die plek daarvan te stel, is bewys genoeg dat daar reeds voor die begin van die Britse beleid wel so iets soos 'n Afrikaanse kultuur bestaan het, wat vandag nog die eerbied en bewondering, selfs van die Engelse Afrikaners afdwing. Alle pogings om hierdie eg Suid-Afrikaanse kultuur ook op taalgebied te onderdruk, of as minderwaardig en selfs belaglik voor te stel, het niks gebaat nie, die skeppende kultuurkrag van die oorspronklike Afrikaners het geseëvier.

Sodra die Afrikaanse taal na 'n honderdjarige stryd sy erkenning as gelyke in heel Suid-Afrika begin handhaaf het, het ook op die gebied van die skone kunste 'n beweging ontstaan wat opnuut die groter kultuurskeppende krag van die Dietse Afrikaners bewys. Die fraaiste monumente van die beeldhoukuns is deur 'n Hollandssprekende Afrikaner, Anton van Wouw, geskep en oortref in grootheid van opvatting en eg Afrikaanse gees al die beste Engelse standbeelde in ons land. 'n Geniale Afrikaanse boumeester, Gerard Moerdyk het, aansluitend by die Kaapse boustyl, oor die hele Unie heen die indrukwekkendste boerekerke gebou—geboue wat in die mees Engelse dorpe van Natal self getuienis aflê van die krag van die bewuste Afrikaner om weer grootse kultuurvoorwerpe te lewer, iets wat sy minder verstandige mede-Afrikaners, wat altyd oor die see na voorbeelde van grootsheid gaan soek het, nie in staat was om te volbring nie. 'n Derde skakel in hierdie ketting van Afrikaanse kunsskepping sal die reeks monumentale landskapskilderye wees wat Hendrik Pierneef binnekort vir die nuwe spoorwegstasie in Johannesburg sal voltooi. Sulke voorbeeldige skeppings op kunsgebied spreek self tot diegene wat ons taal en daarmee die mees oorspronklike werke van ons letterkunde nie ken of wil ken nie. Hulle word ook eerste waargeneem deur elke besoeker van Suid-Afrika.

,,Maar dan is alles mos reg met ons kunsbedryf!" sal menigeen uitroep as hy dit lees. "Ons het mos ons eie groot kunstenaars, en die openbare opdragte wat eg Afrikaanse kuns voor die oë van die wêreld bring—wat wil ons nog meer hê?"

Ja, oppervlakkig beskou, is alles in orde. Laat ons toegee dat deur die inisiatief en volharding van die begaafde Afrikaners die fondament gelê is vir die opkoms van 'n sterk Afrikaanse kuns en dat die bewys gelewer is dat die Dietse Suid-Afrikaner 'n groter skeppingsvermoë en 'n sterker wil besit om 'n eie Suid-Afrikaanse kuns te lewer wat nie slegs 'n floue herhaling van die verlede en nog minder 'n skaars onderskeidbare verskil van die oorsese voorbeelde is nie. Watter waarborg het ons egter dat hierdie gees by ons die heersende sal bly? Ons publiek neem miskien 'n enkele keer van ons kunsmonumente notiesie wanneer dit toevallig daarop afkom.

In die leerplan en leesboeke van ons skole is vir die opleiding tot die waardering van ons eie kuns nog geen voorsiening gemaak nie—selfs ons kunsskole is nie daarop ingestel om hierdie Afrikaanse kunsgees te bevorder en verder te ontwikkel nie.

### WAT ONS NIE HET NIE.

Op hoeveel kunsgebiede het ons nog hoegenaamd geen Afrikaanse kuns nie! Waar is b.v. die figuurlike skilderkuns, soos historiese skilderye en wandplate wat ons eie geskiedenis in 'n Suid-Afrikaanse gees vertolk? Waar is ons Afrikaanse boekillustrasies en ons eie kinderprenteboeke? Waar is selfs ons burgerlike huisboustyl en ons eie huisraad, afgesien van enkele goeie oue en ewemin goed gemoderniseerde riempiestoele en rusbanke? Waar is ons nasionale kunsnywerhede soos pottebakkery, wewery, vel en leerbewerking, klerasie en naaldwerk en ons hele Afrikaanse dekorasiestyl?

Al hierdie dinge is egter van ewe groot belang vir 'n volk as sy monumentale kuns. Die ou Kaapse boere en burgers het nie alleen pragtige kerke en deftige regeringskantore laat bou nie, maar al hul dorp- en plaaswoninge, hul meubels en gereedskappe tot selfs in die kombuisinrigtings, hul tuine, strate en pleine, hul kleredrag, hul wol- en linnegoed, selfs hul feeste, liedjies en danse het van hul Hollands-Afrikaanse gees getuig, soos dit in die kulturele bloeityd van enige selfbewuste nasie die geval was. En tog het hierdie vashou aan hul eie volkstradiesie geen stilstand beteken nie. Gedurig het hul smaak en stylgevoel ontwikkel, sodat elke slag sy eie styl voortgebring het, totdat hulle hul nasionale selfstandigheid verloor het. Dat ook op al hierdie gebiede by ons nog nie alles dood is nie, sal ek in my verdere opstelle bewys, maar die vir sulke skeppings begaafde en begerige talente in ons volk is aan kwyn deur die onverskilligheid van de publiek, deur alte slegte betaling vir hul beste werk en deur die afwesigheid van 'n bewuste nasionale kunsonderwys en kunsbeleid.

### WAAR MOET DIE GELD VANDAAN KOM?

Die skrywer is hom wel bewus dat vir die opbou van 'n bewuste kunspolitiek en 'n doeltreffender kunsonderwys taamlik veel geld sal nodig wees en dat die vraag gestel sal word waarvandaan hierdie middele in die slegte tyd moet kom. Waar die grootste nasionale belange op die spel is, moet en sal ook hier stadsrade en private kuns- en kultuurbeskermers hul deel daartoe bydra; en buitendien het hy ons in die laaste tyd meer as een vereniging, soos ons kuns- en kultuurverenigings, ons Onderwysers-unie, die A.C.V.V. en ander vroue-organisasies en selfs die Helpmekaar hul wil te kenne gegee om hul aktiwiteite ook op kultuurgebied uit te brei.

### DIE VERNAAMSTE VEREISTE.

Die vernaamste vereiste op die oomblik is dat die beskikbare geldmiddele op die doelmatigste wyse bestee word. Dit was in die verlede maar selde die geval en sal ook in die toekoms selde gebeur solank die beslissing oor kunssake in die meeste gevalle aan amateurs op die gebied van kunsbevordering i.p.v. aan vakmanne toevertrou word. Van ons beste en miskien onpartydigste outoriteite op kunsgebied is ongetwyfeld onder ons boumeesters te vind, want egte argitektuur staan in noue verband met al die beeldende en toegepaste kunste en 'n goeie boumeester moet dus op hoogte wees van al die verwante kunste.

Die ontstaan van al die bogenoemde monumente is dan ook min of meer aan die invloed van ons bekwaamste boumeesters te danke. Die Vrouemonument in Bloemfontein het ontstaan uit die samewerking van 'n boumeester en beeldhouer. Die Kruger-monument in Pretoria, oorspronklik op bestelling van Sammy Marks vervaardig, is deur die nog jonge beeldhouer eers sonder die hulp van 'n boumeester ontwerp, die konwensionele onderbou het die grootse figure van hul volle effek beroof. Vir die heroprigting van die standbeeld voor die spoorwegstasie in Pretoria is deur die beeldhouer in samewerking met die boumeester, Gordon Leith, 'n nuwe werklik kunsvolle opstelling ontwerp, maar 'n kunsvreemde komitee het, sonder die kunstenaars te raadpleeg, die eerste swakke vorm nog meer verbrou, ofskoon die geldmiddele vir die betere, nuwere voetstuk toereikend was. Die herstelling van hierdie flater sal groot koste veroorsaak. Dat ons vandag soveel fraaie Hollandse kerke in Suid-Afrika besit, is alleen te danke aan die onvermoeide ywer van 'n kunstenaar soos G. Moerdyk, wat in talryke geïllustreerde opstelle in ons tydskrifte en in een geïllustreerde pamflet, wat aan alle Geref. predikante gratis uitgedeel is, die verskil tussen die werk van 'n gewone bouondernemer en 'n egte argitektuur in Suid-Afrikaanse styl verduidelik het. Daarmee het hy nie alleen die kans vir die uitvoering van sy eie harmoniese ontwerpe gekry nie, maar hy het ook die publiek se oë vir die werk van ander ewe goeie kerkbouers soos die gebrs. Louw, Van der Hoven en ander egte kunstenaars geopen. Aan die bogenoemde teorie van ons nuwe Afrikaanse boustyl en gedeeltelik aan die invloed van sy kollega, Gordon Leith, is ook die opdrag van Pierneef vir sy monumentaalskilderye te danke, 'n voorbeeld wat na ons hoop, nog baie navolging sal geniet.

### BEKWAME RAADGEWING.

Die ervaring egter, dat nog in soveel belangrike beslissings op kunsgebied flater op flater begaan word alleen uit gebrek aan bekwame raadgewers, het die ,,South African Institute of Art" ('n organisasie van byna alle Suid-Afrikaanse kunsverenigings en vername kunstenaars, insluitende die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging en baie van ons vernaamste boumeesters) genoop om op sy jongste konferensie in Port Elizabeth 'n komitee van die bekwaamste kunsoutoriteite te kies om die Unie-regering en ander gesaghebbende liggame in alle belangrike kunsvraagstukke met raad te bedien. As ons in aanmerking neem dat al ons regeringsdepartemente nog nie één bevoegde verantwoordelike raadgewer op kunsgebied besit nie, moet ons die vaste hoop uitspreek dat van hierdie kosteloos aangebode raad so dikwels moontlik volle gebruik gemaak sal word. Dan sal dit spoedig beter staan met ons kunsbeleid.

(*Word Vervolg.*)